

KOERSVAS

Uitgawe 16 Jaargang 1 31 Mei 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Storms en vrede

Daar bestaan geen twyfel dat die neem van 54/69 die begin van stormagtige tye ingelui het nie. Dit wat gesê, gedoen en selfs geskryf is in hierdie tyd, was nie altyd opbouend gewees nie. Dit is ook duidelik dat dit 'n geruime tyd gaan neem vir die gemoedere om te kalmeer en daar is steeds persone wat die gedagte van versoening verwerp. Aan die ander kant is daar die vredemakers wat 'n tyd van vrede in die vooruitsig stel. Die een les wat ons almal al geleer het, is dat jy eers kalmeer voordat jy iets sê. Ongelukkig is dit nie altyd toegepas nie.

Hierdie redaksioneel wil nou met 'n versoek kom: "Laat ons mekaar nou net uitlos". Die aanhoudende bekvegte, beledigings en selfs laster, dien net die Satan.

Ondeurdagte opmerkings krenk, maar is terselfdertyd 'n tweesnydende swaard wat net so op sy meester gebruik kan word. Oor die eksegeese en toepassing wat gebruik word, rep ek liefs nie 'n woord nie, maar as voorbeeld dien volgende opmerking in die e-

Hervormer van 22 Mei se voorbladartikel: *"Storms dien 'n doel in die natuur. Dit is nog een van daardie filters wat seker maak dat die beste genetiese materiaal oorleef"*.

Hierdie is nie die eerste sodanige artikel in 'n amptelike kerkydskrif wat gebruik word om die steeds Hervormers en die Selfstandige gemeentes direk of indirek te probeer krenk en verneder nie. Ons sou lank kon debatteer oor die motief asook die toepassing van die opmerking. In die huidige konteks en teen die agtergrond van vele ander artikels en opmerkings in die NHKA se amptelike publikasies, is die toepassing op diegene wat beginselstandpunt ingeneem het, maklik aan te dui.

Inhoudelik die volgende: Is hierdie werklik 'n stryd op genetiese vlak? Indien wel, hoe seker is die uitgesproke ds Willie Botha van Lydenburg dat die beste genetiese materiaal agtergebly het? Is hy seker hy is aan die regte kant van hierdie genetiese skeidslyn wat hy stel? Sou daar nie 'n argument daarvoor gemaak kon word dat die beginselvaste mense eerder as die blind-

lojales dalk die sterker genetiese trekke toon nie?

Die storm wat gewoed het; is die nuwe ekosisteem en bio-diversiteit wat na vore kom, die NHKA of die Evangelie? Indien dit die NHKA is, waar staan die Evangelie in hierdie situasie? Saam met die ander materiaal uitgespoel die see in tot by Malta? Ons sou beledigend kon antwoord, ons sou wraakgierig krenkend kon spekuleer. Ons verkies om die foute in die argumentasie aan te dui en dan weer die versoek te rig; "laat ons mekaar nou net uitlos". God het ons almal geskep. Ons dien die Here met ons harte, nie met ons genetiese materiaal nie, al word hierdie "beste genetiese materiaal" skynbaar metafories verstaan as die "groot Christene". Ons verlossing lê nie in fariseërmatig groot Christene wees nie, maar in dankbare diens aan die Here.

Dit is lankal tyd dat ons eers net afstand ten opsigte van mekaar handhaaf, tot tyd en wyl die gemoedere kalmeer het. Al hierdie negatiewe energie kan met positiewe energie vervang word. Daar is genoeg uitdagings in die sondige wêreld om ons almal 'n leeftyd lank besig te hou. Kom ons dien die Here, selfs al beteken dit dat ons vir 'n wyle verby mekaar kyk. Die bestuur van steeds Hervormers bevestig ook nog steeds hulle onvoorwaardelike verbintenis tot mediasie oor alle sake, soos dit immers aan hulle opgedra is by die laaste sH vergadering.

NUUSBROKKIES

- Vanuit al die Selfstandige gemeentes kom die berig dat die Nagmaal baie goed bygewoon is. Ons is dankbaar dat die Nagmaal nou weer vol kerke trek.

- Die keerdatum vir die inhandig van beskrywingspunte vir die eerste Geloofsbond vergadering was 24 Mei 2013. 'n Geduldige ds Frans Marais sal moeite doen om enige laat punte in te werk. Die komitee vergader DV Dinsdag 4 Junie om die agenda vir die vergadering van 28-30 Julie 2013 te finaliseer.

KENNISGEWINGS

- **Vaalwater:** Groot basaar Saterdag 1 Junie. Almal welkom. Kom kuier bietjie en bring die yskas saam vir goeie gehalte vleis.

- **Rustenburg:** Goeie outydse basaar Saterdag 1 Junie. Kom geniet die dag saam met ons van vroeg tot laat.

- **Grootvlei :** ADAM EN MWAH: PLOT OPSKOP 31 Mei 2013, 15:00 tot laat. R70-00 p/p (Kinders onder 10 gratis Kontak nommer: **0828386303**

- **Premiermyn Hervormde Kerk:** Jagpakket 2013 Bestaande uit: 1 eland, 1 gemsbok, 2 rooibokke, 3 vlakvarke, 4 aande se verblyf. R100-00 per kaartjie. Navrae by Hans Esterhuizen: **0845812905/0128115165**

- **PHD:** Premiermyn se Dorkas nooi alle Damesverenigings om 'n tafel of twee te bespreek vir Dowwe Dolla Saterdag, 31 Augustus 2013. 10 dames per tafel @ R120 per persoon. Navrae by Alta: **0826821252**

Stuur u kennisgewings en nuusbrokkies na
i.otto@telkomsa.net of na
admin@stedshervormers.co.za vir opname
in die volgende Koersvas.